
REISA
Renewable Energy Investments South Africa

# KWARTAAL 3 2022 NUUSBRIEF





## Welkom by die **Reisa-Beursfamilie**

Dit is aangenaam om ons 2022-beursbegunstigde, Omphile Matebesi van Mapoteng, bekend te stel. Sy het as deel van REISA se beursprogram 'n volle beurs ontvang. Sy studeer tans vir 'n BA-graad in Sosiale Wetenskappe aan die Universiteit van Pretoria.

Benewens die beurs het Omphile 'n skootrekenaar ontvang om haar te help om toegang tot inligting te kry en in verbinding te bly.

> "Ek wil my graad gebruik om my gemeenskap te help en die probleme op te los wat mense vermy of waarvan hulle nie weet nie." **- Omphile Matebesi**

Ons wens jou alles van die beste toe vir die volgende paar jaar om jou doelwitte te bereik.






## Loopbaanvoorligting en **Leierskap**

REISA het in Augustus 'n loopbaanvoorligting-leierskapsprogram bekend gestel wat gemik is op leerders in graad 9 tot 11 in die drie Ubuntu-skole, naamlik Langberg Hoërskool, Sishen Intermediêre Mynskool, en Gamagara Hoërskool.

Die doel van die program is om leerders daarop voor te berei om betekenisvol en met selfvertroue deur die hoërskool en na die werkswêreld te beweeg. Wanneer die program voltooi is, sal leerders hulle vaardighede en talente kan identifiseer, beter en meer ingeligte vakkeuses kan maak, en met selfvertroue en doeltreffendheid loopbaannavorsing kan doen.

Graad 12-leerders is ook gehelp met hulle aansoeke vir tersiêre-onderwysinstellings om hulle met hulle reis na die volgende fase van studie by te staan.

*Suid-Afrikaanse COVID-19 Hulpbronportaal:* ***www.sacoronavirus.co.za***

## Jong Vroue in **Besigheid-program**



Ter viering van Vrouemaand het REISA die tweede Jong Vroue in Besigheid-program vroeg in Augustus aangebied. Vyftig vroulike entrepreneurs wat in die Gamagara Plaaslike Munisipaliteit gesetel is, is gekies om aan hierdie opleidingswerkswinkel van drie dae deel te neem.

Die program, wat deur ons diensvennote, Angels Resource Centre en Lead Academy, geïmplementeer is, het aan deelnemers opleiding in besigheidsvaardighede, besigheidsbeplanning en doelwitstelling verskaf. Dit het voorts gehelp om hierdie entrepreneurs toe te rus en te bemagtig om sukses te behaal deur aan hulle beginnerpakkette vir 'n besigheid te verskaf.

Die opleiding het ook 'n Lean Canvas-werkswinkel ingesluit, met gassprekers van die SAID, benewens 'n werkswinkel wat op die skryf van 'n besigheidsplan fokus, met gassprekers van die Kleinsake-Ontwikkelingsagentskap (KSOA). Die opleiding het met 'n netwerksessie en 'n feestelike middagete afgesluit.

"Die program was vir my baie inspirerend en 'n ervaring van 'n leeftyd wat ek vir jare sal koester," **sê Erene Delizia Ngonyoza, een van die Jong Vroue in Besigheid-deelnemers.**

## KMMO-**graduering**



Baie geluk aan die 13 plaaslike KMMO's wat met sukses ons Ondernemingsontwikkelingsprogram vir plaaslike KMMO's voltooi het.

Tydens die gradueringseremonie het 'n paar van die entrepreneurs hulle suksesverhale gedeel en hoe die programme wat by die REISA-besigheidskern aangebied word, hulle gehelp het om as sakelui te groei.


Die programme, wat deur Raizcorp geïmplementeer word, verskaf aanpasbare, funksionele en haalbare programme vir entrepreneurs op verskillende vlakke van ontwikkeling. Dit skep ook 'n bemagtigende omgewing waar ondernemings kan leer om doeltreffend te werk en stel hulle in staat om hulle KMMO's te laat groei op 'n manier wat onafhanklikheid bevorder en hulle vertroue op groot korporatiewe strukture verminder.

"My reis saam met REISA se ondernemingsontwikkelingskern was merkwaardig. Die program het my denke/persepsie uitgebrei vanaf 'n maatskaplike werker wat individuele verandering wil implementeer tot 'n entrepreneur wat gemeenskappe wil transformeer," **sê Brizelda Titus, maatskaplike werker by Boipelo Resources.**

## 2022 **Gemeenskaps-vergaderings**

Besonderhede oor die volgende gemeenskapsvergadering sal op REISA se aanlynplatforms deurgegee word.

## Kwartaal **3 2022**




## Kontak **Ons**

REISAcommunity

Dynlog Bestuursontwikkeling Gebou
Blok B, Grondvloer, Kantoor 1
Kameeldoring Besigheidsone, Kathu, 8446

**Kantoorure:**
Maandag – Donderdag: 08:00 – 16:30
Vrydag: 08:00 – 15:00
Kantoor | 053 723 1146

**Gemeenskapskakelbeampte**
Nomfundo Mpompo
Office | 053 723 1146
Nomfundo.mpompo@eimsafrica.com